

Hoofstuk van die dag: Matteus 9

> *Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want die nuwe lap skeur die klere nog verder, en die gat word net groter. (vers 16)*

Met die twee beelde wat Jesus in sy gesprek oor vas gebruik,

dié van nuwe lap op ou klere, en nuwe wyn in ou sakke, onderstreep Hy dat sy koms ’n nuwe era van leef voor God gebring het; een waarin die vreugde van kind-van-God-wees die heersende ondertoon is.
Die manier waarop die Jode gevas het, is uitgedien. Vas kan nie ’n nuwe godsdienstige wet of reël wees nie. Vas mag nooit ’n manier wees om God se arm te draai of sy guns te probeer wen of Hom van jou vroomheid te oortuig nie. Dit gaan oor innerlike verdieping en stilword voor God.
Jesus herinner ons dat jy nie die godsdiens van die Jode met Christelike geloof kan “lap” nie. Die ou, strak denke van die Fariseërs oor die lewe voor God kan nie reggedokter word met ’n paar verstellings hier en daar nie.
Nee. Jesus se nuwe lewe voor God vra ’n nuwe manier van dink oor geloof, en ’n lewe van vreugde vanuit ons verlossing en vergifnis.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026